

INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Pro
nr
0 2 9 9

Datum
8.10.1930.24.2

Onderwerp
086

Kripsel
12.4.59

85 8. 30.

Die Vaderland

Jg. 69 Nr. P. 14 Dat.

Oproer knou land ernstig

JOHANNESBURG — Die stortvloed versekeringswrems oproer in swart woongebiede is besig om die vermoë van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikoversekeringsvereniging (Sasria) se fonds om moontlike verliese van die handel en nywerheid te dek, ernstig te knou.

Nagenoeg die helfte van die geraemde jaarlikse premie wat nou vir Sasria ontwikkel word, is uitbetaal aan versekeringswrems wat die afgelope 10 maande altesaam meer as R40 miljoen beloop het.

Ongeveer R35 miljoen hiervan was regstreeks toeskryfbaar aan oproer in swart woongebiede.

„Sasria se huidige premie-inkomste word verkwalig op 'n menigte eise wat oor die algemeen taamlik klein is. Dis egter verontrustend dat die

noodsaaklike opbouing van die fonds om moontlike verliese van die handel en nywerheid te dek daardeur in die wiele gery word,” het mnr. Don Gallimore, uitvoerende direkteur van Price Porters Federale Volkskas (PFV), gesê.

Mnr. Gallimore, wat ook voorsitter van die SA Versekeringsmakelaarsvereniging (SAVMV) se Sasria-skattekomitee is, het gesê dis van die allergrootste belang dat die groot premies wat die handel en nywerheid aan Sasria betaal, verder beskerm word.

„Die ANC het gewaarsku dat sagte teikens ook sal deurloop en 'n styging in die soort bomaanvalle wat reeds in Johannesburg, Pretoria, Durban en Roodepoort voorgekom het, kan dus heel moontlik verwag word.

Die groot bedreiging bestaan ook dat arbeids-

onrus vir politieke gewin uitgebuit kan word.

„Die klaarblyklike manier om die nodige beskerming te bied is om 'n vorm van differensiaal-premietariewe te gebruik ter vervanging van die huidige metode waarvolgens alle residensiële eiendom, net soos nywerheids- en handelsbedryf, ongeag die geografiese ligging daarvan teen dieselfde tarief verseker word.”

Hoewel die heersende omstandighede deur die noodtoestand vererger is, behels dit nie die afkondiging van krygswet nie, wat uitgesluit is van die politiekeoproerdekking wat Sasria en ander versekeringsmaatskappye bied.

„'n Toename in geweld wat uitloop op 'n voorval wat uitaandelik meebring dat krygswet afgekondig word, sou egter nie op sigself gedek wees nie,” het mnr. Gallimore gesê.

TREFWOORDE

1. SASRIA

2. Oproer

3. Statistiek

4. Eise

5. Verliese

6. Oproer

7. Statistiek

8. Swartes

9.

10.